Prof. D.H. Steenberg
Departement Afrikaans-Nederlands

DIE HOORSPEL AS WOORDSPEL: A.S. VAN STRAATEN SE PENDORING (EDMS) BEPERK

Uittreksel uit *Tydskrif vir Letterkunde*
18,2, Mei 1980.

1. Woordperspektief

Om mee te begin kan opgemerk word dat die geïntegreerdheid van die woord of taal as belangrike motief en terselfdertyd benaderingshoek van die handeling in die drama saamhang met die hooffiguur se fanatieke taalbelangstelling en vaardigheid met die woord, soos blyk uit die sugtende vertelster Sarie se suggestieryke belydenis van die probleem in die drama:

"Hy't net belang gestel in woorde, en ek het gedink hy's te oulik vir woorde" (7).

Gert se niksvermoedende omgang met die woord om die woord alleen loop vir Sarie telkens uit op die soeke na die lewensin van woorde. Selfs in die woordeboekdefinisie van 'n kriek 'lees' sy haar verlange (12):

"'n Kriek is 'n insek met lang voelhorings wat onder blare, stompe of klippe voorkom; die mannetjie maak na sononder geluide om die wyfie te bekoor. (Suggie.) Ek't gewens Gert Klopper wou ná sononder geluide maak om mý te bekoor..."

Verder die definisie van *minnaar:*

"'n Minnaar is 'n manlike persoon wat 'n vrou liefhet en dit laat blyk. (Sug lank en diep.)" (12).

Juis vanuit hierdie hoek bekyk, is etlike ironiese momente wat kostelike humor ten grondslag lê, op te merk, byvoorbeeld:

"Gert. Hoe korter, hoe intiemer, Sarie ... Dink maar aan woordjies met net een lettergreep. Hulle is almal basiese woorde ... berg, klip, boom, bos, gras, lug, mens, lyf, been, lip, mond, vry ...

Sarie ... Vry?

Gert. Ja, hoekom sê iets is *gratis* as jy kan sê dis *vry?* (13:3–5)
en
Sarie. (vertel – DHS) ... Al wat ek wou hê, was 'n bietjie *toenadering* – maar dis vier lettergrepe en seker nie vir hóm nie" (13:6).

Of die volgende hoogtepunte van ironie en inderdaad krisismomente in die drama:

Gert. Woorde is wonderlike goed.

Sarie (vertel – DHS) (Baie weemoedig), Woorde, wou ek sê, hou mense van mekaar af, uit mekaar uit" (13:13–14).

En

Sarie. Dink jy ek het verander?

Gert. Jáá ... Jy's nie meer so dogmaties oor die posisie van die werkwoord nie" (17:9–10).

Inderdaad verteenwoordig hierdie genoemde momente 'n stygende lyn in die dramatiese spanning tussen Gert se taalliefde, of liefde vir sy "meisie met baie kêrels", en Sarie se liefde tot by die krisis van haar diensverlating, die wending in haar terugkeer om te wys dat sy "Twee sinne met één woord kan saamvat" (22), en dit eers na 'n tydelike verbreking van die gang van die ontwikkeling van die handeling tussen Gert en Sarie deur die tergende telefoonoproep van Cor. Hierdie tydelike opheffing van die handeling verhoog inderdaad die spanning en gee aan die vinnige afloop van die drama na die kompakte "ja" die verrassendheid van die slot van die blyspel, wat dit gemeen het met die klug. 'n Klug word dit egter nie, want anders as in 'n klug speel toeval hier nie 'n rol nie, en word met die besinning op die woordmaakproses meer bereik as net 'n oppervlakkige komiese effek.

Taal as tema

Die oorkoepelende tema van die drama kan soos volg saamgevat word: die versoening van twee paradoksale liefdes deur die vindingryke aanwending van

die woord. Die taal word dan inderdaad meer as gebeurtenis in hierdie werkie. Die soek na die noodwendige kompakte woord en sin vloei voort uit Gert se 'demoon' en nering; trouens, 'n mens kan Gert Klopper se professionele taaladviseurwerk sien as 'n stramiem waarop die drama gebou is.

Die plaasdogterbeeld vir die Taal verraai 'n tradisie van moedertaalliefde wat dateer vanaf Jan Lion Cachet se *Die Afrikaanse Taal* uit die tyd van die GRA:

> "Ek is 'n arme Boerenôi,
> By vele min geag;
> Maar tog is ek van edel bloed,
> En van 'n hoog geslag."

Die woorde van Gert Klopper (21) grens aan parodiëring van die Cachet-woorde maar bevestig tog die taalliefde van die spreker:

> "... ek moet dink aan my ander meisie. Sy's eintlik 'n plaasdogter ... dit het lank geduur voor sy tuis gevoel het in 'n woonstel en op 'n roltrap en agter 'n tikmasjien ... Sy't haar al mooi aangepas..."

Op allegoriese wyse word die pastorale trek van Afrikaans teenoor die stadsheid van Engels gebeeld:

> "In die veld is sy skraler en fiksier as Virginia, maar in die stad ... Dikwels as jy die twee hier langs mekaar sien, lyk my meisie heeltemal oorgewig. En dis nie dat sy nie kan verslank nie, natúúrlik kan sy, en sy's wonderlik soepel. Maar ag! sy't 'n treurige klomp kêrels" (21).

In die verdere uitbreiding van die allegoriese beeld hekel Gert die neiging tot samevoeging as middel tot woordeskatuitbreiding deur dit te assosieer met 'koppeling' in die ongunstige sosiale betekenis van dié woord. Terseldertyd word sy afsku van die saamvoeg van woorde en sy kompaktheidsideaal vir Afrikaanse woorde geillustreer met die afstroping van die tradisionele komponent "same-" van "koppeling". Dit is 'n maatreël om te voorkom dat sy "meisie" oorgewig bly, en word inderdaad nagestreef op woord- en sinsvlak.

Die "plaasdogter" moet dus verslank om met Virginia te kompeteer in die klein spasies in advertensies en op uithangborde in die stad. Op sinsvlak vind

dit plaas by wyse van vervanging van woorde, soos:

"As insekte u lewe veronaangenaam, bespuit hulle met Kolskoot"

word deur vervanging verkort tot:

"as goggas u verpes, blaas hulle met Kolskoot" (6).

Ter wille van die ideaal van taalekonomie word sekondêre woordstrukture veral gereduseer. Met dié doel word haas alle aspekte van die proses van woordvorming en woordeskatuitbreiding geraak. Geordend kan die volgende aangestip word:

Prokopee en sinkopee: Weglating van *d* in *benodigdhede*, weglating van *ver-* in *verskriklik*, reduserring van *vertoningstye* tot *toontye* tot *tye*.

Sametrekking: *gemmerlim* tot *gim; braaihuis* tot *braais;* en verder *wasmasjien* en *draradio, grapper, reistjek.*

Afkorting: *sjokkies, snoepies, brossies, seilies, snesie.*

Paronimiese en ander analogiewerking: *grootkoppe, bleskoppe ... spiedkoppe; regstreeks... kromstreeks.*

Nuutskepping: *Vaf* vir iemand wat die taal verknoei.

Leenwoorde: *Varia* vir *verskeidenheidskonsert* en *tjops* vir skaapkotelette.

In die aanpassing van die "plaasdogter" by stadsomstandighede wend Gert hom onder andere ook tot woordherwinning in die geval van argaïsmes soos *jiskaa* en *kornet*, wat nuut geïmplimenteer word om ander funksies te verrig.

Die kyk op die taal as sodanig het egter nie net redusering op die oog nie; dit is ook gerig op vernuwing en verlewendiging, veral van die geykte sin; dus van vaste uitdrukkings, wat verrassend nuut en in ander kontekste gebruik word. Dit kom dikwels neer op frisse woordspel:

"So kort van draad, so lank van woord (9), hoe meer dae, hoe meer dagdrome (16); hoe meer dae, hoe meer nagte, hoe meer nagmerries (22); jy dink 'n lettergreep is 'n staatsgreep" (10).

Verder word hierdie kyk ook in 'n satiriese (doringrige [1]) kyk, wat bereik word deur sarkasme en lag, soos die spot met die woordeboekdefinisies van *kam, voël, lag, kameel* en so meer, terwyl lede van die publiek wat die taal verwring of misbruik, in dialoog en handeling 'aangeval' word.

Klank en eggo

Nie net die woord-as-betekenis nie maar ook die woord-as-klank word natuurlik ontgin. So is dit uiteraard veral by woordherhalings of klankherhaling, soos in die rymwoorde van die limeriek en ook elders. Die tegniek word reeds gebruik by die eerste woorde van die vertelster:

> "My naam is *Sarie*. Nie *Sarie* Marais nie, *Sarie* Verster ..." (1)

D ikwels lê dit in alliterasie en assonansie:

> "vaal, vervelende, verbeeldinglose Afrikaans" (6);

> "dan's my taal fraai en fleurig, lig en swierig, dan gebruik ek woorde wat aai en swaai ..." (6);
> "Hy skryf oor die kunste, kos en wyn" (18);
> "die *mooiste mansmens* wat ek nog *ooit* gesien het" (2).

Die pertinentste word klankspel aangewend in die klankeggo van "skrikmaak" (15) en natuurlik in musiektussenklanke.

Ongelukkig word klank hier nooit klankmedium soos in hoorspele van Chris Barnard nie. Dit word aangewend as tussenspel of byklank, soos by die neersit van 'n telefoon, maar nie uitdrukkingsmiddel as sodanig nie.

Visuele?

'n Enkele keer wil-wil die visuele suggestie déúr die woord spreek om die hooffiguur helder in die verbeelding van die luisteraar op te roep, kompleet met kontraste en al:

> "*Voor* my, in 'n *klein* vertrekkie, *agter* 'n *groot* lessenaar, *agter* 'n klein tikmasjientjie ... Wanneer 'n mens ink koop, kry jy *donkerblou, koningsblou* en *ligblou*. Sy oë was *koningsblou*" (2).

Hoewel dit 'n leemte in die drama is dat hierdie suggestie van die visuele déúr die woord as klank nie verder gevoer word nie, is hierdie hoorspel en die tweede lid van die tweeluik uniek in Afrikaans. Inderdaad lê die waarde daarvan in 'n groot mate in die beelding van die aktuele probleem van taalaanpassing en die aansluit van die huidige ontwikkeling van Afrikaans by die taalstryd van 'n eeu gelede deur die oproep van die beeld van plaasdogter vir die eertydse Boerenooi.

Suggesties vir verdere studie

1. Lees breër oor die hoorspel oor die algemeen en gaan na watter moontlikhede van die hoorspelmedium in hierdie drama ontgin word en in welke mate.
2. Heroorweeg in die lig hiervan die tekortkominge wat aan hierdie hoorspel toegedig word. Beredeneer, bevestig of weerlê dit met konkrete motivering uit die teks.
3. Dui so veel moontlik plekke in die teks aan waar die verteller tydspronge in die gebeure oorbrug.
4. Identifiseer die volgende hoofmomente in die ontwikkeling van die drama: eksposisie, verwikkeling, krisis, klimaks, ontknoping.
   Raadpleeg daarvoor *Hoe om 'n drama te ontleed* van P.J. Conradie.
5. Gee so ver moontlik meer voorbeelde (a) uit die drama en (b) buite die drama van elk van die maniere van woordeskatuitbreiding wat Gert Klopper voorstaan.
6. Soek nog voorbeelde in Afrikaans van gedigte of prosawerke wat wesenlik vanuit die benaderingshoek van die taal geskryf is.
7. Gaan die kontraswerking in die drama na. Wat word daarmee bereik?
8. Probeer op elk van die aangehaalde woordeboekdefinisies verbeter.

BRONNELYS*

BARNARD, Chris. 1970. Die hoorspel 'n wêreld in klank. (*in* Barnard. C. 1970. 'n Stasie in die niet. Kaapstad, Tafelberg: 51–60).

* Maklik bekombare korter bronne word genoem. Bibliografiee wat in hierdie bronne genoem word, verwys na omvattende werke oor die hoorspel, soos dié van Smeyers.

DEKKER, L. 1972. Inleiding. (*In* Dekker, L. 1972. Drie Bybelhoorspele. Kaapstad, Tafelberg: 1–15).

LOUW, N.P. VAN WYK. 1965. Naskrif. (*in* Louw, N.P. van Wyk. 1965. Asterion. Kaapstad, Human en Rousseau: 65–69).

SCHUTTE, Jan. 1978. Die radiodrama. (*In* senekal, J.H. (red.). 1978. Beeld en bedryf. Pretoria, Van Schaik: 137–156).

SMEYERS, J. 1962. Het luisterspel. Leuven, Boekengilde De Claauwaert.

Gebruikte teks

VAN STRAATEN, A.S. 1976. Pendoring (edms) beperk. Kaapstad, Tafelberg.

* * *